Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 907 9013/4 (F): 011 9071038

3 Oktober 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 12 (2019)

1. KENNISGEWING VAN BEGROTINGSVERGADERING

Die jaarlikse algemene begrotingsvergadering vind op Maandag, 4 November, om 19:00 in die skoolsaal plaas. Tydens die vergadering sal die begroting vir 2020 deur die finansiële voorsitter van die Beheerliggaam, mnr. Jacques de Villiers, breedvoerig bespreek word.

Die ouers teenwoordig se besluit t.o.v. die begroting is bindend vir al ons ouers en derhalwe moet die belangrikheid van ouers se teenwoordigheid beklemtoon word. Indien daar nie ‘n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering op Woensdag, 20 November, gehou word en die ouers wat teenwoordig is, sal dan die kworum wees.

2. EINDEKSAMEN

Die eindeksamen begin reeds op 24 Oktober. Die rooster sal binnekort beskikbaar wees.

Ons beveel ten sterkste aan dat leerders reeds moet begin voorberei vir die finale eksamen. U moet asseblief ook kennis neem van die volgende:

- Gr.8 & 9: Die Novembereksamen tel 60% en die jaarpunt (SBA – “Skoolgebaseerde assessering”) tel 40%.
- Gr.10-12: Die Novembereksamen tel 75% en die jaarpunt (SBA) tel 25%.

In al die grade is die eksamen dus deurslaggewend vir ‘n slaag of ‘n druip.

Onthou, in Gr.12 skryf leerders ‘n eksterne eksamen en met verdere studies word afbakenings nie gegee nie. U sal dus begryp dat deeglike voorbereiding van uiterste belang is en dat tyd nodig is om ‘n jaar se werk te leer.

U en u kind word sterkte toegewens met die eksamen se voorbereiding.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING